# OU FOTO'S, ASSEBLIEF!



Heel moontlik het u, liewe leser, ook een of meer kiekies van oupa en ouma, of bes moontlik die grootjies, wat iewers in 'n laai stof versamel. Ná die derde of vierde geslag verloor hierdie kiekies heel dikwels hul sentimentele waarde, maar sulke kiekies het altyd 'n groot historiese waarde, en dit vermeerder namate hulle ouer word. Dit is hierdie foto's, kiekies en portrette waarin die Museum veral belangstel. Ou foto-albums het besonder baie waarde.

Elke ou foto is 'n dokument uit die verlede. Dit gee 'n beeld van hoe die persone aangetrek het, hoe die huise en/of winkels gelyk het, hoe die voertuie daar uitgesien het. Die afleidings wat uit 'n reeks foto's gemaak kan word, is baie vollediger en noukeuriger as wat 'n blote woordelikse beskrywing ooit kan weergee.



Die Geskiedenisafdeling van die Museum is tans besig met die volledige katalogisering van die fotoversameling. Elke foto word sorgvuldig tussen suurvrye papier in spesiale lêers bewaar, en in 'n aparte register word daar naas die nommer van elke foto alle beskikbare gegewens aangaande die foto aangeteken. Hierdie besonderhede sluit die volgende in:

Die inhoud van die foto, met ander woorde die name en geskiedenis van alle persone, plekke, geboue of gebeurtenisse wat deur die foto verewig is.

Waar die foto gebruik is, dit wil sê, vir persoonlike redes, vir uitstallings, of vir publikasies. Die naam van die persoon in wie se besit dit was en die naam van die persoon wat dit aan die Museum geskenk het, word ook hierby aangeteken.



Naam van die fotograaf, die plek waar dit geneem is en die datum waarop dit geneem is.

Die Museum stel veral belang in foto's of kiekies van die ou Vrystaat en enige ander plek in Suid-Afrika. Enigiets oor kleredrag, strate, geboue, persoonlikhede en opspraakwekkende gebeure is baie welkom.

Indien u nie van u ou foto's wil afstand doen nie vra ons dat u dit aan die Museum leen sodat dit gekopieer kan word. Ons gee dan u foto's terug en maak vir die Museum sy eie afdrukke.

